

Tant Mien Fisher se Kampdagboek

Miskien is die ergste ondervinding van die oorlog die trauma van die vroue wat die vernietiging van hul wonings, die plunder en diefstal van hul eiendom eerstehands moes aanskou voor hul weggevoer is na konsentrasiekampe.

Mens kan dan die rou sinisme jeens die motiewe van 'n heerser wat veronderstel was om 'beskaaf' te wees in Tant Mien se dagboek nie mis lees. Met onverdoeselde sarkasme vir 'n vyand wat die Boere se "eie mense" teen hul gebruik, vertel sy van die daaglikse gebeure in die kamp by Standerton. Sy is oënskynlik 'n formidabele vrou wat haar aktief betrokke hou by die lewe in die kamp

Maria Adriana Smuts is op 28 September 1867 op 'n plaas naby Bethal gebore en in Maart 1889 met Willem F J Fischer, seun van Karl J Fischer, 'n Hollandse onderwyser uit Ermelo se omgewing, getroud. Op hul plaas Bührmansvlei aan die Vaalrivier is hul enigste seun Karel Jan gebore in Jabuary 1890. Sy kon daarna "nie 'n groot gesin hê" omdat sy op hul winterplaas in Swaziland ernstig siek geword en met behulp van 'n Swazi-vrouedokter en veldkruie genees is.

Haar vader, reeds in die 80 jaar, haar man Willem en vyf broers was gedurende die twee Vryheidsoorloë op kommando, en na die vrede moes Willem en seun op die spoorlyn na Bethal werk vir 'n heenkome. Sy is op 18 Mei 1956 op Ermelo oorlede, en kon nog voor haar dood in die inleiding tot haar dagboek skryf: "Ons was tuis toe kol. Bullock ons huis vir die derde maal kom plunder het. Dit was 29 Mei 1901, die dag waarop my dagboek begin."

Teen daardie tyd was alle diere reeds doodgemaak, behalwe vir 'n hen met kuikens. Die keer word die huis finaal leeggemaak van bruikbare meubels en tesame met die buitegeboue so vêr as moontlik met die hand vernietig, en word hulle weggevoer. Enkele inskrywings volg:

25.6.01

In die namiddag was ek hospitaal toe om mej. Le Roux te gaan sien en om my belofde tent te kry. Toe ek by die tent van opsigter Haverman kom, is die heer besig om 'n klein Kaffertjie in 'n kis toe te spyker asof hy begrawe moes word. Toe hy goed die dood op die lyf het, word hy weer uitgehaal en met 'n stuk karstring afgeransel [eg beskaaf!]. Op my vraag of daar al 'n tent is, kry ek die antwoord dat daar 'n ronde tent vir mej. Le Roux opgeslaan is en dat dit hom nie kan skeel hoe sy daar klaarkom uie; hy weet net dat ek moet bly waar ek is. Ek sê dat ek om geen tent vir myself gevra het nie en dat maar hy vir hul onderdane verantwoordelik is. Die lae hond het gedink dat ons dit op

die duur ook nie sou kan uithou me.

Baie vroue is al genoodsaak om by die slagplek te help,
waarvoor hulle die afval [kop en pootjies] kry

Kamp opsigter Haverman was voorheen 'n polisieman van Ermelo se
omgewing, lees mens elders.

Maart 1902

1.3.02

Vanmiddag kom ek van die sensorkantoor [’n ronde tent] en sien ’n klomp kinders en Kaffers wat mekaar verdring voor een van die hospitaalvensters en nuuskierig na binne kyk. Toe ek nader kom, hardloop almal weg. Op my vraag wat daar te sien is, antwoord ’n kleintjie: ‘Tante kan self gaan kyk’ - wat Tante dan ook gedoen het. En wat moet ek sien? ’n Sterwende vrou wat volgens die gewoonte met ’n skerm om die bedjie afgeskort is, en voor die oop raam heeltemal nakend met die dood lê en worstel. Afskuwelik! Ek was geheel van stryk. So moet ons betrekkinge dan in die sogenaamde hospitale hul doodstryd deurmaak. Op my vraag aan een van die verpleegsters, ’n Afrikaanse meisie nogal, of daar geen ander plan te maak was nie, sê sy heel bedaard dat daar nie genoeg hulp is om met iemand wat tog klaar is, te sukkel nie. Toe ek vra of daar geen naghemp vir so iemand is nie, kry ek ’n “die is te skaars” as antwoord.

Wat moet daarvan word? Dit is treurig, maar seker, dat selfs die boerevroue en -meisies wat in die hospitaal werk, hulself en ons nie tot eer is nie. Dit is tog ’n edel en liefderyke werk. Maar, helaas, ook daar word alles gedoen om siel en liggaam te verwoes.

Tant Mien Fisher se Kampdagboek, Mei 1901 – Augustus 1902, is deur haar kleindogter MC Coetzee vir publikasie voorberei en deur Tafelberg in 1964 gepubliseer.